Denkskuif oor regstellende aksie in ANC-geledere te bespeur

HELEN UECKERMANN

Uitsprake oor regstellende aksie deur ANC-hoës kan dalk daarop dui dat daar in die party 'n denkskuif oor die kwessie is.

Die voorsitter van die Kommissie vir Billike Indiensneming, mnr. Jimmy Manyi, het na wat berig word die afgelope week gesê swart ekonomiese bemagtiging kort 'n sononder-klousule. Die ANC-president, mnr. Jacob Zuma, het by twee geleenthede aan die vakbond Solidariteit laat blyk hy meen die idee om jong mense van regstellende aksie vry te stel is "verfrissend".

Met 'n sononder-klousule word bedoel dat regstellende aksie tydelik behoort te wees en een of ander tyd tot 'n einde moet kom as bepaalde doelwitte bereik word.

Daar is egter ook dié wat meen daar is beslis nog 'n saak uit te maak vir regstellende aksie as deel van swart ekonomiese bemagtiging (SEB) omdat diversiteit by die werk en in raadsale goed is vir sake.

Mnr. Koos Bekker, uitvoerende hoof van Naspers, het vroeër gesê swart ekonomiese bemagtiging dien 'n doel en dit moet energiek nagestreef word, maar die proses moet ná 'n vasgestelde tydperk finaal afgesluit word.

Hy het 'n tydperk van nog vyf jaar voorgestel.

"As daar nie 'n tydsbeperking in die regering se SEB-program ingebou word nie, sal dit waarskynlik nooit eindig nie," het hy gesê.

Dan kan daar teruggekeer word na 'n normale, geïntegreerde samelewing waar alle mense gelyk behandel word, ongeag hul ras, het Bekker gesê.

Mnr. Dirk Hermann, adjunkuitvoerende hoof van Solidariteit, sê Zuma en Manyi se uitlatings kan dui op 'n denkskuif by die ANC oor regstellende aksie.

"Manyi is bekend as 'n harde voorstander van regstellende aksie en as hy sulke uitlatings maak, kan dit aanduidend wees van veranderde denke."

Hermann sê regstellende aksie moet onmiddellik beëindig word in gevalle waar dit toegepas word op poskategorieë waar daar 'n tekort aan vaardighede is omdat dit ekonomiese groei beperk.

"Ons het alle vaardighede daar nodig. Om vaardigheidstekorte te bowe te kom is in dié stadium belangriker as raskwessies," sê hy.

Me. Anne Pratt, direkteur van Memela Pratt Associates, 'n maatskappy wat mense vir bestuursposte werf, sê egter mense van verskillende agtergronde bring verskillende denkwyses en interpretasies na die tafel wat daartoe lei dat beter besluite in raadsale geneem kan word.

"Dit geld nie net Suid-Afrika nie, maar enige sakeonderneming ter wêreld.

"Daar moet nie net na gekyk word uit 'n maatskaplik-politieke oogpunt nie, maar eerder omdat dit sakesin maak," sê sy.

In Suid-Afrika is daar nog ruimte om die billike verteenwoordiging van alle groepe in organisasies te verbeter.

"Verandering is dikwels stadig en moet soms aangemoedig word. Ek meen die onderliggende bedoeling met regstellende aksie is goed. As dit positief toegepas word in pas met dié bedoeling kan Suid-Afrika net baat vind daarby."

Mnr. Brian Khumalo, direkteur van Leaders Unlimited, wat ook personeel vir bestuursposte werf en plaas, sê ongelykhede moet in die breë aangepak word.

Oor Manyi se stelling dat wit vroue oorverteenwoordig is op bestuursvlak, meen hy die verteenwoordiging van vroue in die arbeidsmark moet op alle vlakke bekyk word. Hy wou nie kommentaar lewer oor "die rasgegronde stellings van ander nie".

Hermann sê die regering kan nie een bevolkingsgroep in 'n permanente posisie van benadeling plaas nie.

"Die Internasionale Arbeidsorganisasie bepaal daar mag geen diskriminasie op grond van ras wees nie, behalwe met regstellende aksie. Die organisasie se definisie van regstellende aksie is egter ook dat dit tydelik moet wees," sê Hermann.

hueckerm@rapport.co.za